UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY


# KAMPUSNUUS

MAANDELIKSE PERSONEELBLAD JAAR 19 # 8 • 09–11–2011 • YEAR 19 # 8 MONTHLY STAFF NEWSLETTER


**NUUS** Personeel pluk vrugte ná jaar van harde werk 3


**NEWS** Greg Hicks: Transforming student leaders 4


**NEWS** Desmond Tutu TB Centre: New site offices donated 5


**MUSIEK** Opnames van filmklankbane gesog 7


**PEOPLE** Jerome Slamat: Interacting for development 8

Partnership

# Boost for academic mobility in Africa

Stellenbosch University (SU) is part of a consortium of six African universities that have been granted €2,3 million (R25,24 million) for a ground-breaking academic mobility scheme. This will see 72 students and eight staff members cross national and disciplinary borders for postgraduate research aimed at helping the continent address the twin challenges of climate change adaptation and natural resource depletion.

The other five institutions involved are the universities of Dar es Salaam (Tanzania), Ghana, Mekelle (Ethiopia), Nairobi (Kenya) and Nigeria (Nsukka). Their consortium is called Transdisciplinary Training for Resource Efficiency and Climate Change Adaptation in Africa – or TRECCAfrica, for short.

The funds were granted by the Intra-ACP Academic Mobility Scheme of the European Commission, working through the African Union. They will be disbursed over a period of five years.

"Significantly, TRECCAfrica is an African programme, by African institutions, for Africa. It will strengthen academic networks and collaboration on the continent," says Prof Mark Swilling of the School of Public Leadership at SU.

He heads up the TsamaHub, a focal point for transdisciplinary studies in sustainability at SU, and is academic director of the Sustainability Institute outside Stellenbosch.

Under TRECCAfrica, these two institutions will be hosting 22 students and academic staff members from elsewhere in Africa for varying periods, from short exchanges to four years' full-time research, starting in July 2012. Seven postgraduate students from SU will do a portion of their degrees at one of the other partner institutions.

"This is a unique venture," says SU's Dr Christoff Pauw, manager of international academic networks at the institution, and coordinator of TRECCAfrica.

"In the past, funding used to be provided for students from Africa to attend universities in Europe. TRECCAfrica breaks the mould by allowing for mobility between higher education institutions in different countries on our own continent."

> TTRECCAfrica allows mobility between higher education institutions in different countries on our own continent.

Mr John van Breda, TsamaHub programme manager, says each university will select postgraduate students whose research is related to TRECCAfrica's twin themes, and together with core staff from the different universities they will come together each year for a summer school focused on appropriate transdisciplinary methodologies and research methods.

According to Swilling, climate change will have a greater impact on Africa than on any other region of the world.

"Agricultural production is predicted to drop by 50%, our coastal cities are likely to experience an inundation of sea water into fresh-water aquifers, rainfall patterns will change, with some areas getting drier and others wetter, and we'll see accelerated urbanisation and rural depopulation.

"But it's not all negative. There is ample opportunity now to explore new ways of doing things and coming up with innovative solutions to the challenges that we face."

Swilling considers the grant to be an endorsement of SU's HOPE Project, an institution-wide search for solutions to some of Africa's most pressing needs.

"TsamaHub is an initiative of the HOPE Project, and our approach contributed to the success of the consortium's application," Swilling says.

The TRECCAfrica evaluation report states that the programmes presented "are of high quality and … not only academically but also socially relevant and responsive to real-world problems and challenges."

The consortium includes two associate partners – the African Technology Policy Studies Network, headquartered in Kenya, and the Open Society Foundation, Switzerland, which also supports the African Climate Change Adaptation Initiative (ACCAI), an allied collaboration between TRECCAfrica partners.

■ Visit http://www.treccafrica.com for more information.

– Desmond Thompson



Stellenbosch University's Mr John van Breda and Dr Christoff Pauw (far left and right respectively) with TRECCAfrica colleagues from Ethiopia's Mekelle University (from left) Drs Araya Berhe, Amanuel Abraha and Girmay Gebresamuel Abraha.



Dylan Lewis se *Male Trans-Figure I* op die Rooiplein. Foto: Wayne Muller

## *Nuwe beelde op kampus*

Vier beeldhouwerke op die US-kampus is deel van 'n buitelug-kunsuitstalling van altesaam 34 werke van voorste Suid-Afrikaanse kunstenaars wat in en om Stellenbosch oor die volgende jaar te sien is. Die uitstalling, *20 Stellenbosch*, verteenwoordig volgens Andi Norton, projekbestuurder, die beste in Suid-Afrikaanse beeldhouwerk oor die afgelope 20 jaar.

Onder die 32 kunstenaars wat verteenwoordig word, is Sannell Aggenbach, Beezy Bailey, Willem Boshof, Sue Pam Grant, Jackson Hlungwani, Doreen Southwood, Edoardo Villa, Dylan Lewis en Strijdom van der Merwe.

Die US is betrokke by die projek as deel van sy vennootskap met die Stellenbosse munisipaliteit.

Twee beelde is op die Rooiplein: Lewis se *Male Trans-Figure I*, naby die Neelsie-ingang, met David Brown se *Skating Man* onder die brug tussen Admin A en B.

Hoewel Lewis se beeld soos 'n duiwel met horings lyk, sê Norton dit lewer geensins enige godsdienstige kommentaar nie. "Dit dui eerder op die mens se vernietiging van die omgewing en soek na die wortels van dié gedrag. Die kopbeen verteenwoordig die uitwissing van dierespesies, in hierdie geval die Swart Wildebees. Die rooierige kleur van die figuur verwys na Afrika se rooi grond, en die naaktheid stel ons 'oorspronklike toestand' voor."

Brown se werk stel die aanwesigheid van totalitêre state voor, verteenwoordig deur uniforms van onder meer polisiemanne en soldate. "Die skaatser blyk hom te geniet en is 'n gewillige deelnemer aan die stelsel."

*Pumpkin Hut* van Anton Karstel staan voor die Konservatorium. "Dit is 'n byna geslote struktuur wat nuuskierigheid uitlok en die kyker dwing om die grens tussen die private en die openbare te kruis. Dit onthul ons onbeholpenheid om met ons binneste in aanraking te kom."

Aggenbach se *Lemmings* is staangemaak op die grasperk van die Fakulteit Teologie in Dorpstraat. Dit lyk soos "tipiese middelklas" tuinmeubels van draad, en stel die Noorse knaagdiere lemmings voor, wat dikwels in groot groepe die see inhardloop en verdrink. Aggenbach bied dit as voorstelling van hoe idees in gemeenskappe versprei.



## From the editor's desk

Stellenbosch University has always strived to be a tertiary institution of international standard and being the best on the African continent. The University and its staff have, over the years, earned themselves international recognition, and the institution is still considered amongst the best in the world.

No wonder that we were ranked highly in two recent World Rankings, showing that internationally SU is making its mark. This month, *Kampusnuus* reports on even more stories that show how the University has become a player in the international arena.

> The University and its staff have, over the years, earned themselves international recognition.

On the front page, we tell you about a grant SU received to ensure further academic mobility in Africa, giving University staff and students the opportunity to pursue postgraduate studies which could help the continent with the challenges of climate change and our natural resources.

On page 8, Dr Jerome Slamat of SU's Division for Community Interaction tells us more about his new role as a member of the Steering Committee of the Talloires Network, which aims to strengthen social responsibility at institutions of higher education worldwide.

Also read the article on how the Music Department is gearing itself to make name in Hollywood – by recording film soundtracks in its state-of-the-art recording studio and using local musicians. And there are also a number of staff members who recently received international recognition for their research and work at SU.

Enjoy this issue of *Kampusnuus*.

Wayne

## Kuberpraatjies

*Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (stellenboschuni).*

WHAT IF? What if we had a peaceful protest: let all universities keep inviting the Dalai Lama again and again in order to force the hand of the government. How about it, universities?

**– Morne Mostert**

I thnk every1 is entitled to have expressed thr sentiments around 'the sculpture invasion' on campus in whicheva way they wish. But now upon being informed about the aim of the artworks, i can appreciate his expression on more accurate grounds, and certainly hope otherz would aswel.

**– Wayde Groep**

Geen USBD aan diens by BA gebou… Ek is sommer lus en gaan rand iemand aan.

**– whattingh**

I'm sure students are just LOVING the excavation noise outside Admin A today. Our office is NOT.

**– ThatMattMcD**

Kampusklets oppie Rooiplein



## Kampusblik

# Ons praat nou anders oor taal

LEON DE STADLER

Die Universiteit het in September sy eerste institusionele taalgesprek op kampus gehou. **PROF LEON DE STADLER**, Direkteur van die Taalsentrum, gee sy indrukke.

Die US het onlangs vir die eerste keer 'n institusionele taalgesprek gehou om sodoende 'n geleentheid te skep waar verteenwoordigers van oor die hele kampus kon saampraat oor die Universiteit se meertalige onderrigmodel. Verteenwoordigers uit verskillende sektore het deelgeneem, waaronder bestuur, fakulteite, steundienste en studente.

Die doelwitte vir die dag was om te besin oor praktiese implikasies van die meertalige onderrigmodel, om voorbeelde van beste praktyke met mekaar te deel, om kennis te neem van voorlopige navorsingsresultate oor spesifieke taalmodusse en om die implikasies van die taalmodel vir verskillende aspekte van die Universiteit se werksaamhede te bespreek.

Die US Rektor, prof Russel Botman, het die teenwoordiges verwelkom met 'n aantal duidelike uitsprake oor wat die Universiteit wil wees en nie wil wees nie – veral dat ons 'n meertalige ruimte wíl skep wat die leerervaring van studente sal verryk, 'n ruimte waarin taal ook 'n belangrike onderdeel van ons hantering van diversiteit word. Hy het beklemtoon dat ons gesprek oor taal juis daarom nie net oor taal gaan nie, maar oor 'n toekoms vir die instelling waarin 'n veelheid van tale en kulture nie 'n probleem sal wees nie, maar 'n bate.

In haar konteksstelling het prof Magda Fourie-Malherbe, Viserektor: Onderrig, fakulteite en steundienste gelukgewens met hul taalimplementeringsplanne. Sy het kortliks verwys na die verskillende bakens in die ontwikkeling van die US se taalbeleid sedert 2002, die totstandkoming van die meertalige onderrigmodel en ook klem gelê op die belangrikheid van die Bevorderingsplan vir Afrikaans en die Navorsingsprogram oor Taal.

Die insette van 'n viertal dekane het lewendige diskussie uitgelok. Die dekane van die Fakulteite Ingenieurswese (prof Arnold Schoonwinkel), Lettere en Sosiale Wetenskappe (prof Hennie Kotzé), Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (prof Johan de Villiers) en die visedekaan van Gesondheidswetenskappe (prof Marietjie de Villiers) het op interessante wyse laat sien hoe die ideaal van meertaligheid op verskillende maniere uitgeleef kan word binne die onderrig-omgewing. Uiteraard het die diskussie ook die aandag gevra vir probleemareas en is 'n aantal behoorlik kritiese vrae gestel oor sake soos die haalbaarheid van meertaligheid, die vraag na dit wat studente werklik nodig het, koste, ensomeer. Maar dit was wel duidelik uit die aanbod dat daar werklik op verbeeldingryke en veral verantwoordbare wyse gewerk moet word met die problematiek in elke fakulteit.



Gespreksgroepe druk aan't werk by die institusionele taaldag wat in September aan die US gehou is.

Dat die Universiteit op verantwoordbare wyse bly soek na oplossings vir die komplekse problematiek van meertaligheid is verder onderskryf in my kort voorlegging oor twee navorsingsprojekte oor parallelmedium-onderrig (PMO) en die moontlike implementering van opvoedkundige tolking. Voorlopige resultate laat blyk dat die implementering van PMO wel meestal glad verloop het en dat daar 'n algemene instemming is dat dit 'n goeie ontwikkeling binne die oorhoofse taalmodel is, maar dat daar uiteraard bepaalde gesigspunte is wat nog aandag verdien. Resultate uit die tolkprojek laat blyk die waarde daarvan in 'n meertalige model, maar het ook baie deeglik die uitdagings blootgelê (koste, beskikbaarheid en opleiding van genoeg tolke, ensomeer).

> "Ons gesprek oor taal gaan juis daarom nie net oor taal nie, maar oor 'n toekoms vir die instelling waarin 'n veelheid van tale en kulture nie 'n probleem sal wees nie, maar 'n bate."
>
> *– Prof Russel Botman, US Rektor*

In die namiddag het die deelnemers meegedoen aan groepbesprekings rondom 'n aantal temas, naamlik taalhoudings, die belangrikheid van meertaligheid, finansies, die aanwending van verskillende taalmodusse, en die belangrikheid van taalsteun. Soos ook met die oggendprogram, het hierdie besprekings lewendige diskussie opgelewer en is waardevolle gesigspunte oor die bestuur van taalhoudings, die haalbaarheid van die meertaligheidsideaal, die voor- en nadele van verskillende taalmodusse, die finansiële uitdagings en die belangrikheid van voldoende en gevarieerde taalsteun vir álle studente na vore gebring.

As 'n mens die geskiedenis van die taalgesprek sedert 2002 volg – en dié skrywer is in daardie gelukkige posisie – val een ding op van hierdie geleentheid: Die taal van die gesprek het verander van 'n taal van debat oor Afrikaans, 'n taal van stryd en onsekerheid, na 'n taal van begrip vir die rol van taalbeplanning aan die Universiteit en 'n taal van oplossingsoekende gedrag. Gegee die feit dat die taalbeleid van 2002 volgende jaar sy tiende jaar sal vier, is dit 'n goeie posisie om in te wees. Talle deelnemers was dit na afloop van die geleentheid eens dat dit 'n belangrike moment in sy ontwikkeling as 'n meertalige universiteit vir die US was.

Menings in *Kampusnuus* is dié van die betrokke individue en nie noodwendig die standpunt van die redaksie of die Universiteit Stellenbosch nie.
Opinions expressed in *Kampusnuus* are those of the individuals concerned and not the view of the editorial team or Stellenbosch University.

PLUS-program

# Personeel pluk vrugte ná jaar van harde werk



Altesaam 24 personeellede het vanjaar die PLUS-program voltooi. Hier is (van links, agter) mnr Jan Knight (Menslike Hulpbronne), me Elvira Rohland, mnr Cyril Williams, me Noleen Coetzee, mnr Derick Stephanus, mnr Nicolaas Pietersen, me Nadia Goliath, me Rosslyn Abrahams, mnr Edward Cupido en me Alvira Albertus (Menslike Hulpbronne); (middel) me Lorinda Nel (Siyathembana), mnr Andre Williams, mnr Ricardo Isaacks, mnr Eric van Niekerk, mnr Marc Stuurman, me Geraldine Burton, me Eloize Fry, me Tracey Pietersen en prof Julian Smith (Viserektor: Gemeenskapsinteraksie en Personeel); (voor) mes Amena Rittels, Celeste Youle, Ursula Wanza, Lizzie Neft, Janine Wenn en Gralene Hill. Inlas: me Lumka Gqabuza, me Zanele Racaza en mnr Mervin Koopman. *Foto: Anton Jordaan*

Dit was harde werk, maar 100% die moeite werd, sê me Geraldine Burton, een van 24 personeellede wat op 11 Oktober ná 'n jaar van klasse en aande voor die boeke hul diplomas ontvang het ná voltooiing van die Universiteit se vyfde PLUS-program.

Die PLUS-program (Professionele Leerderskappe Universiteit Stellenbosch) word sedert 2006 aangebied en gee administratiewe personeel die geleentheid om 'n formele kwalifikasie te bekom en om hul vaardigheidsvlakke te verhoog deur middel van leerderskappe.

Die teikengroep is personeel in administratiewe posisies wat uitstaande prestasies lewer en talent toon. Leerderskappe is 'n jaar lange nasionale sertifikaatkursusse op die Nasionale Kwalifikasie Raamwerk (NKR) vlakke 3 en 4 en vorm deel van die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie se geïdentifiseerde prioriteite.

"Dit was soms 'n uitdaging tussen werksure om nie op kantoor te wees nie, veral wanneer dosente en kollegas jou insette benodig met die verwerking of afhandeling van take, maar dit was minimaal. Dit het meegebring dat ek baie van my normale dagtake asook die werkstukke vir die PLUS-program saans by die huis moes doen – soms tot laatnag – wat baie kwaliteitgesinstyd ingeboet het," sê Burton, wat sedert 2001 'n administratiewe beampte by die Departement Wingerd en Wynboukunde is.

"Ek wou baie graag 'n formele kwalifikasie verkry en het hierin die geleentheid raakgesien en die uitdaging aangepak," sê sy.

Mnr Ricardo Isaacks van die Universiteit se Posafdeling is ook 'n suksesvolle kandidaat. Hy sê hy voel nou vol vertroue om aansoek te doen vir betrekkings binne of buite die Universiteit. Isaacks werk al 16 jaar lank by die US en voel dit is belangrik om jou kennis te verbeter.

"Die program het vir my baie beteken, nie net omdat ek ander personeellede ontmoet het nie, maar jy leer ook hoe om jou pligte meer effektief te doen."

Personeel kry jaarliks die geleentheid om aan die PLUS-program deel te neem deur daarvoor genomineer en gekeur te word. Rig navrae oor die program aan me Alvira Albertus by Menslike Hulpbronne by tel: 021 808 2966.

– Ilse Arendse

## Prof Arnold word rektor by Duitse universiteit



Prof Arnold van Zyl (foto), die US se Viserektor: Navorsing, is aangestel as die nuwe rektor van die Chemnitz-Tegniese Universiteit in Duitsland. Van Zyl sal die 29ste rektor in die 175-jarige bestaan van dié universiteit wees.

"Van Zyl se aanstelling is 'n groot verlies vir die US, maar dit is ook 'n kompliment vir die statuur en kaliber van ons universiteit se personeel. Gedurende sy termyn as Viserektor: Navorsing het Van Zyl doelgerig gewerk om die internasionale aansien en erkenning van die US as 'n navorsingsgerigte universiteit te bevorder. Ons wens hom alle voorspoed toe met hierdie nuwe loopbaanskuif en beskou dit as 'n uitbreiding van ons netwerk van kennisvennote in Europa," het prof Russel Botman, US Rektor en Visekanselier, gesê.

Van Zyl is sedert 2008 aan die US verbonde. Dit volg op 'n internasionale loopbaan van ongeveer 20 jaar in Duitsland, Amerika en België. Hy is by die Suid-Afrikaanse Raad vir Ingenieurswese as professionele ingenieur geregistreer en dien op die raad van verskeie internasionale adviesorganisasies.

Hy is ook 'n lid van die "Kuratoratorium" van die Fraunhofer Instituut in Duitsland, 'n lid van die Raad van die Akademie vir Wetenskap van Suid-Afrika, 'n lid van die Nasionale Adviesraad oor Innovasie en 'n besoekende professor by die Universiteit van Tongji in Shanghai, China.

Van Zyl het aan die Universiteit van Kaapstad gestudeer, waar hy die grade BSc-Ing, MScIng en PhD (Ing) verwerf het. Sy publikasielys bevat onder meer 69 patente.

## *Geoff Meese gets lifetime achievement award*

The Department of Science and Technology (DST) recently launched the ESASTAP Awards to recognise South African researchers who have excelled in the European Union's (EU) Seventh Framework Programmes. They also opened the awards to researchers who have participated in other Framework Programmes (FP4 – FP6) due to popular demand.

During the award ceremony held on 28 September 2011, Dr Geoff Meese from SU's Division for Research Development (DRD) was awarded the Lifetime Award in recognition of his significant participation in and advancement of the EU Framework Programmes since FP4.

Meese's enthusiastic involvement over the years in the management and advancement of a large number of EU Framework Programme projects ranges from his participation as a scientist in a number of projects during his years at the CSIR, to the exceptional work he has done at national level to advance the ESASTAP programme and improve participation in the EU Framework programmes as EU National Contact Point. Currently as a consultant employed by SU, he plays a passionate and inspiring role in facilitating, advancing and promoting participation of our researchers in EU programmes.

Meese has brought not only vast experience in the EU programmes to our campus – something which is vital to assist researchers across many different disciplines with navigating their way around the EU processes – but also a true understanding and passion for the biggest advantage of our participation: the building of strong international networks and visibility for our research globally.

The EU's FP7 remains the single biggest, governmental support system for science and technology in the world, with current funding of €50 billion available up to 2013.

A critical issue within the DRD at SU has been to increase the university's involvement in the programme, especially because of the benefits to be derived in terms of manpower development, network creation, an increase in expertise at the university and nationally, as well as access to external funding.

Meese was appointed as manager for the FP programme at SU in 2008. His primary focus has been to create a supportive process for proposal submission. The role of experienced facilitators/research managers in reaching the overall objectives of South Africa's participation in the EU programmes should never be underestimated. Meese plays an important role in convincing our researchers to undertake this, sometimes daunting, process of applying – with success.



Dr Geoff Meese

## Staff Successes



**PROF DOUG RAWLINGS** (photo), chair of the Department of Microbiology, was the invited honorary speaker at the 19th International Biohydrometallurgy Symposium in Changsha, China. In his lecture, Rawlings, who is an NRF A-rated scientist and a world leader in the field of biomining, gave an overview of his research career spanning 30 years. The symposium has been presented biannually since 1977.

**PROF STEFAN DU PLESSIS**, Hoof van die Afdeling Geneeskundige Fisiologie, het onlangs die Dr Sijo Parekattil-prys vir uitnemendheid in reproduktiewe navorsing van die Centre for Reproductive Medicine (CRM) in Cleveland, Ohio, in Amerika ontvang. Die toekenning vereer internasionaal gevestigde navorsers wat hulle oor 'n tydperk as uitnemende navorsers bewys het en tot die CRM se navorsingswerk bygedra het. Die CRM is 'n navorsingsprogram van die Glickman Urological & Kidney Institute by die Cleveland Clinic. Du Plessis het nou saamgewerk met personeellede van die CRM aan verskeie navorsingsprojekte. Dit het reeds gelei tot die publikasie van meer as 20 eweknie-manuskripte en boekhoofstukke. Hy word ook gereeld uitgenooi om deel te neem aan hul Somer-internskapprogram as lid van die internasionale fakulteit.

**PROF LINUS OPARA** en **ME LYDIA BURGER**, onderskeidelik van die Departement Hortologie en Bestuurshoof van Maties Gemeenskapdiens, het saam met Me Ellen Tise, Direkteur van die Biblioteek en Inligtingsdienste, erelidmaatskap van die Golden Key International Honour Society ontvang. Dit is in Augustus tydens 'n geleentheid in die Endlersaal in Stellenbosch aan hulle toegeken. Tydens die geleentheid het die top 15% van US studente wat lidmaatskap van die Golden Key Society aanvaar het, hul sertifikate ontvang. Die erelidmaatskap word toegeken vir die ontvangers se toewyding en omdat hulle rolmodelle vir studente is.

**PROF HERMAN STEYN**, voorsitter van die Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, is as 'n "Corresponding Member" van die International Academy of Astronautics (IAA) ingelyf tydens die International Astronautical Congress (IAC2011). Meer as 2 000 afgevaardigdes het van 3 tot 7 Oktober die kongres in Kaapstad bygewoon. Die Departement het vier referate by die kongres gelewer. Een van Steyn se nagraadse studente, Jacoba Auret, het tweede gekom in die kompetisie vir nagraadse studente en het 'n IAF-medalje gewen. Steyn is saam met dr Peter Martinez, hoof van die afdeling Ruimtewetenskap en Tegnologie by die Suid-Afrikaanse Sterrekundige Observatorium (SAAO), die enigste nuwe Suid-Afrikaners in die Akademie.



Mnr Willem Venter (regs) lees voor uit die braille-verslag, terwyl mnr Wentzel Barnard, Sportbestuurder: Maties-Helderberg, en Me Jackie Wiese, Direkteur: Maties Sport, toekyk. *Foto: Hennie Rudman*

# *Jaarverslag in braille 'n eerste vir Sportklub*

Die US se Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gstremdhede het vir die eerste keer vanjaar sy Jaarverslag ook in braille beskikbaar gestel.

" 'n Definitiewe eerste vir Maties Sport," het mnr Wentzel Barnard, Sportbestuurder van dié sportklub opgewonde gesê.

Barnard sê die verslag is in braille saamgestel omdat 'n doelbalspeler (wat 'n sportsoort vir visueel gestremdes speel) as bestuurslid van die klub verkies is. Ten minste agt klublede sal baat vind by die braille-verslag.

Die braillering is gedoen by die Lombardi Braillesentrum in die US se Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Die sentrum lewer verskeie dienste, waaronder braillering, grootdruk en die skandering van notas aan visueelgestremde studente.

"Hierdie aksie kan die voorbeeld stel van wat elders ook gedoen kan word om toeganklikheid tot inligting te verbeter. Die beste van alles is natuurlik dat die diens op kampus beskikbaar is."

Mnr Willem Venter, 'n visueel gestremde lid van die sportklub, het gesê die Jaarverslag in braille is 'n goeie voorbeeld van braille se gebruik wat wyer as die akademie kan en behoort te strek.

Venter studeer aan die US en het onlangs die Rektor se Uitstygtoekenning ontvang. Dié toekenning gee erkenning aan studente wat ondanks uitdagende sosio-ekonomiese toestande, beperkte geleenthede en gestremdheid steeds akademies uitblink.

Die Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gestremdhede is in Oktober 2006 aan die US gestig en het reeds verskeie Wêreld- en Paralimpiese kampioene in atletiek, swem en handfietsry opgelewer.

Vir meer inligting, kontak Wentzel Barnard by tel: 021 808 3537 of stuur e-pos na wwb2@sun.ac.za.

Greg Ricks

# Transforming SU's student leaders

Amongst student leaders and staff working in student circles Dr Greg Ricks, emeritus Dean of Students from Stanford University in the United States, is no stranger, but who is this man who reckons "Stellenbosch University is in the eye of a wonderful storm"?

Ricks, Senior Fellow for Multicultural Education and Training, has been involved at SU since 2006 with training programmes for student leaders in topics such as critical thinking and gender equality.

Besides being involved at two leading tertiary institutions, Stanford and Dartmouth, he has also been a key player in the success of the City Year programme in America. This programme was the brain child of former American president, Bill Clinton, "to get students from different backgrounds to work together beyond tolerance," explains Ricks.



Dr Greg Ricks *Photo: Justin Alberts*

"Students, faculties and staff are beginning to see themselves in a global context."

But his experience of working with the youth does not end there. He was also Vice-president of City Year, a gap-year programme in the USA, and was chosen as the first dean of the Clinton Democracy fellowship in South Africa in 2002 – a project that brought together 15 fellows between the age of 25 and 30 from across the country with the aim of developing and advancing citizen service programs in South Africa.

"One of these fellows, Johan Horn, a Stellenbosch graduate, was one of the first Afrikaners who became a true friend of mine." It was through messrs Horn and Pieter Kloppers that he came to SU in 2006, and every year since, to train student leaders.

"Things are changing at Stellenbosch – the University is transforming and is playing and will continue to play a critical role in the future of this country. Students, faculties and staff are beginning to see themselves and the work they do not only in a local but also a global context. It is a most exciting time, and I am grateful to be part of it."

During his most recent visit, in September and October, he focused on helping to establish the First Generation Maties Camp for the Division Student and Academic Support. This camp will take place in January and brings together students from very diverse backgrounds who are the first in their families to go to university. The aim is to prepare these students for the challenges of being a first-generation student, and to equip them with survival skills.

"I think Stellenbosch has come a long way, but I think we still have to move from tolerance to respect for and interdependence of each other. This is what we hope to achieve through the camp and the training programmes – to teach the youth to think critically and not to merely react to their fears, misunderstandings and perceptions."

– Sonika Lamprecht

## INTREEREDES



Prof Marcel Wild (links) van die Departement Wiskundige Wetenskappe van die Fakulteit Natuurwetenskappe het op 10 Oktober sy professorale intreerede in die Jannaschsaal van Konservatorium gelewer. Hy het gepraat oor sy navorsing oor hoe nielinêre filters bydra om digitale seine van klanke wat deur geweerskote, ontploffings, masjiene en die geslaan van hammers veroorsaak word te suiwer. Hierdie klanke (*impulsive noise*) is nadelig vir menslike gehoor. Hy fokus ook op die maniere waarop inligting in databasisse gestoor word en deur binêre kodes oorgedra word. Hier is hy saam met prof Eugene Cloete, Dekaan van Natuurwetenskappe.



Op 25 Oktober het prof Jan Heystek (links) van die Departement Opvoedingsbeleidstudies van die Fakulteit Opvoedkunde sy professorale intreerede in die GG Cillié-gebou gelewer. Heystek het gesê dit is skoolhoofde se verantwoordelikheid om onderwysers en leerders in onderpresterende skole te motiveer om beter te vaar. Hy het genoem dat hoofde, onderwysers en leerlinge die begeerte moet hê om hul situasie te verander in plaas daarvan dat eksterne prestasie-ooreenkomste op hulle afgedwing word. Hier is Heystek saam met prof Yusef Waghid, Dekaan van Opvoedkunde.

**Nuusflitse**

## US wen groot by MACE

Die US het vyf eerste plekke behaal op die jaarlikse konferensie van die Marketing, Advancement and Communication in Education-vereniging (MACE).

Dié toekennings vir uitnemendheid gee erkenning aan universiteite en kolleges wat die toon aangee op die gebied van bemarking, kommunikasie en ontwikkeling (fondswerwing). Dit is op 6 Oktober tydens by die jaarlikse MACE-konferensie in Johannesburg toegeken.

Die HOOP Projek se mediaveldtog, een van die US se agt inskrywings, is met die toekenning vir beste mediaveldtog beloon. In die kategorie Eksterne Publikasies (Gedruk) het beide die navorsingsverslag *Research@Stellenbosch* en die Korporatiewe Jaarverslag die eerste plek gewen. In die afdeling Elektroniese en Digitale Media: Webtuiste, het die US koning gekraai met *Maties.com* en ook in die kategorie vir Sosiale Media: Sosiale Netwerke.

Die US het tweede pryse verower in die kategorieë Eksterne Publikasies: Gedrukte Publikasies vir *Matieland*, en Sosiale Media: Inhoudverspreiding en Audiovisueel: Videoproduksie vir *Research@Stellenbosch*.

## Four universities host symposium

The four universities in the Western Cape joined forces and shared information at the first combined symposium on food security in their endeavour to address the alarming and far-reaching challenge of food insecurity in South Africa.

SU, the Cape Peninsula University of Technology (CPUT), the University of Cape Town (UCT) and the University of the Western Cape (UWC) hosted the symposium on 26 October at CPUT.

The SU Food Security Initiative (FSI), which forms part of the University's HOPE Project, is closely aligned with the South African government's priority to address the challenge of food security, particularly in the light of a changing climate, and to address issues of human dignity. Nine research projects within the FSI have been developed, spanning different faculties and departments including Health Sciences, Agricultural Sciences, Engineering, and the Social Sciences.

Themed *Food Security in South Africa – The interface of research and policy for change*, the symposium discussions revolved around topics on support programmes for emerging farmers, food safety in the formal and informal sector, and the implications of the new Consumer Act for food security.

## 'Borg 'n woord' begin weer

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) se nuwe "Borg 'n Woord"-veldtog is onlangs van stapel gestuur tydens die US se viering van Internasionale Woordeboekdag (16 Oktober).

"Borg 'n Woord" is 'n veldtog waardeur die WAT geld vir hul werksaamhede insamel deur die publiek te vra om 'n woord in die WAT teen R100 te borg.

Prof Magda Fourie-Malherbe, Viserektor: Onderrig, het tydens die geleentheid gesê die viering word gebruik om studente bewus te maak van die belang van taal en wat die US doen vir die WAT en die leksikografie in die algemeen.

Besoek www.wat.co.za vir meer inligting.

## Desmond Tutu TB Centre




Prof Nulda Beyers, Director of the Desmond Tutu TB Centre, Councillor Lungiswa James, Cape Town Mayoral Committee Member for Health, and ZAMSTAR site manager, Ms Blia Young, celebrate the handover of five site offices to the city's TB clinics. Photo: Bruce Sutherland/City of Cape Town

# Five new site offices donated for TB Clinics

